**Sondag 31 Julie**

**Skrif- en Fokusgedeelte: Openbaring 19:5-10**

## ’n Wonderlike dag om na uit te sien

Elke verloofde paartjie raak al hoe meer opgewonde hoe nader hulle troudag kom. Met elke dag wat dit nader, voel dit al hoe meer onwerklik. En wanneer dié dag aanbreek, word blywende herinneringe van absolute vreugde gemaak – die opgewondenheid en uitsien na dié dag meet toe glad nie eens op teenoor die werklike geluk wat hulle op daardie dag ondervind nie! Wat ’n wonderlike dag in enige mens se lewe ...

Wanneer ons Openbaring 19 lees, besef ons werklik wat bedoel word met die bruilofsfees van die Lam? Begryp ons die pragtige beeld wat hier gebruik word?

In die Ou Testament is die huwelik dikwels gebruik om die verhouding tussen God en sy volk uit te druk (vgl. Hos 2; Eseg 16). Nou, in Openbaring 19, word Jesus Christus, die Lam van God, as die Bruidegom uitgebeeld, en die kerk as sy bruid. Na die vernietiging van die bose magte (vgl. Op. 18), word sy koningskap nou permanent erken en besing. Die hoogtepunt van verlossing het aangebreek, en Christus en sy kerk se ewige verbintenis word met ’n huweliksfees gevier.

Ons lees ook dat dit wat die bruid nodig het vir hierdie huweliksfees, gratis aan haar gegee word: deur die werk van God se genade, ontvang sy fyn, helder blink klere. Hierdie helder klere staan lynreg in kontras met die sedelose Babilon se helderrooi klere (vgl. Op. 18:16). En so, deur te mag aansit by die bruilofsfees van die Lam, word ons nie net geheel en al van die bose onderskei nie, maar ons ontvang ook die grootste vreugde wat deur die mens ondervind kan word!

Wat ’n wonderlike dag om na uit te sien! Ons kan ons onmoontlik indink hoe asemrowend daardie groot dag gaan wees. Geen aardse vreugde sal kan opmeet daarteen nie. Dus, in ons eie doen en late in hierdie wêreld, wanneer dit buitengewoon goed of sleg gaan, moet ons nooit van die kerngedagte vergeet nie, naamlik die feit dat Jesus Christus die Bose oorwin het en uiteindelik as enigste Oorwinnaar erken sal word.

Ek herhaal: wat ’n wonderlike dag om na uit te sien ...

*Sing: Skrifberyming 18-3:7-9*

*Ds. AJ (Albert) Coetsee (Uitschot)*